# Kom ons praat Kerk:

# Lewendig teenoor Kunsmatig

**Lee-Ann van Rensburg 14/04/2019**

**Wat kenmerk 'n gesonde kerk?**

## 1. GESONDE VERHOUDINGS

**1.1.** Ons moet eg, kwesbaar en bereid wees rekenskap te gee, in ons verhoudings binne die kerk.

**1.2.** Lewelose kerke het oppervlakkige verhoudings. Niemand het harde gesprekke met mekaar nie en niemand konfronteer ander of hulself nie.

**Kolosense 3: 16 "Jesus se boodskap moet in julle lewe wees wat 'n bouplan vir 'n bouer is. Dit moet die plan wees vir alles wat julle doen. Daarom moet julle nie tevrede wees voordat julle alles weet wat Jesus vir julle wil sê nie. Leer mekaar wat reg en verkeerd is. As iemand 'n fout maak, help hom reg. Gebruik ook psalms en ander liedere om dit te doen. Sing uit julle hart uit, want met hierdie geestelike liedere sê julle ook vir God dankie."**

**1.3.** Ons is veronderstel om in vrede saam te leef. Ons moet mekaar lief hê en dien.

**Romeine 12:10 "As broers en susters in God se huisgesin moet julle mekaar in liefde koester en voor in die ry staan om mekaar met respek te hanteer."**

**Romeine 12:16 "Leef in harmonie met mekaar. Moenie baklei nie. Moenie beter as ander mense probeer wees nie. Maak vriende met mense wat nie te veel van hulleself dink nie. Onthou: julle beskik nie oor al die kennis en wysheid in die wêreld nie. Wees nederig."**

## 2. DIE HEILIGE GEES BEWEEG

**2.1.** 'n Gesonde en lewende kerk word deur die Heilige Gees gedryf.

**2.2.** Die vinnigste manier vir 'n kerk om te sterf, is om selfgedrewe te wees.

**2.3.** In die Woord sien ons dat waar die gees van God is, is daar, lewe, vryheid en oorvloed.

**Genesis 1: 1-2 "In die begin het God die hemel en die aarde geskape.2Daar was niks op die aarde nie, niemand kon daar woon nie. Daar was net 'n groot see, en dit was baie donker. Die Gees van God het oor die water beweeg soos 'n sterk wind"**

**Johannes 6: 63 "Dit moet so wees. Wanneer Ek teruggaan, kom gee die Gees vir mense die ewige lewe. 'n Mens kan dit tog nie doen nie. Ek is egter 'n uitsondering.**

**Die Gees werk nou reeds deur my woorde en daarom kan julle die ewige lewe kry as julle luister na wat Ek vir julle sê."**

**2.4.** 'n Gesonde kerk wat deur die Heilige Gees gedryf word, het vrug. Nie vals plastiek vrugte nie, eerder werklike saaddraende vrugte.

## 3. DIT PRODUSEER MEER GESONDE MENSE

**3.1.** Waar daar lewe is, is daar voortplanting en waar daar voortplanting is, is daar lewe. Ons leer vir mense wat ons weet, maar ons reproduseer wie ons is.
**3.2.** 'n Kerk met lede wat onvolwasse bly, sal doodgaan of ondoeltreffend wees.

**Hebreërs 5:12-14 (NLT) "As 'n mens dink aan hoe lank julle reeds gelowiges is, moes julle eintlik al self onderrig in die geloof gegee het. En nou het 'n mens werklikwaar weer nodig om julle die mees elementêre aspekte van die woord van God te leer! Julle is soos babatjies wat nog net melk kan drink en nie vaste kos kan inneem nie. Mense wat nog van melk leef, kan nie werklik saampraat oor die suiwer leer nie. Hulle is dan nog maar net kinders. Vaste kos is bedoel vir grootmense – vir hulle wat in die skool van die lewe ingeoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei."**

**3.3.** 'n Deel van groot word is om verantwoordelikheid te neem vir jou gedeelte of jou porsie. Die verhaal van die talente in Matteus 25:14-27 is 'n storie oor ons verantwoordelikheid met dit waarmee God ons vertrou.
**3.4.** Om volwasse mense te hê en vrug te dra is een van die eerste tekens van lewe in 'n kerk. Een van ons grootste verantwoordelikhede op aarde is om 'n dissipel te wees en om dissipels te maak.

## 4. VERWAG EN AANVAAR VERANDERING

**4.1.** 'n Gesonde kerk is aanpasbaar en gereed vir verandering. Hulle is relevant vir die tye sonder om God se wil en God se woord te laat gaan.
**4.2.** Die bybel praat van nuwe wynvelle wat nodig is vir 'n vars uitstorting van Heilige Gees / wyn.

**Markus 2:21-22 (DB) "Jesus verduidelik toe met 'n voorbeeld vir hulle dat dit wat Hy bring nuut en anders is. "As 'n mens 'n gat moet regmaak in 'n ou rok wat klaar gekrimp het, sal jy mos nie 'n nuwe stuk lap gebruik nie. Met die eerste was sal daardie nuwe stuk lap mos krimp en die ou rok nog erger skeur. 22Of laat Ek dit so stel: julle weet goed dat die leersakke waarin wyn vir 'n lang tyd gehou is, sag word en maklik skeur. Julle sal mos nie wyn wat nog moet gis in daardie sakke gooi nie. As die wyn gis, sal die gas daarvan die sagte sakke laat skeur. Al julle wyn sal dan uitloop en dan sit julle nog met stukkende sakke ook. Nee, nuwe wyn sit 'n mens in sterk, nuwe sakke."**

**5. DIT HET 'N MISSIE**

**5.1.** 'n Valse kerk is stagnant. Hulle is bang vir die wêreld en die mense daarin. Hulle wil nie met ongelowiges assosieer nie want hulle vrees korrupsie.

**5.2.** 'n Lewende kerk gee om waaroor God omgee - die verlore, eensame, verlate mense daar buite.

**5.3.** Ons het 'n mandaat om uit te gaan en die koninkryk te laat groei.

## Gesprek Gids

## Lewende teenoor Kunsmatig

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GIDS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Het jy regte, kwesbare, rekenskaplike verhoudings in die kerk?
2. Na jy die storie van die talente in Matteus 25 gelees het, dink jy dat jy soos een van die twee werkers is wat goed met dit gewerk het wat die meester aan hulle vertrou het, of is jy meer soos die werker wat dit begrawe het?
3. Is jy gereed vir verandering of wil jy vas hou aan hoe dinge nog altyd was?
4. Spandeer jy slegs tyd saam met ander Christene of bou jy ook verhouding met ongelowiges om Jesus vir hulle te wys?